Hoe om gipsafdrukke van spore in modder te maak

Die regte manier om spooradrukke van gips te maak benodig modder. Lekker morsig en vet pret!

? Stappe

1. Kry/koop bakkies (vir modder en gips), pote (vir afdrukke), sakkies of bakkies (vir meng van gips) en gips.
2. Maak modder aan totdat dit styf genoeg is om ‘n duidelike spoorafdruk agter te laat (so styf soos wat jy ‘n modderbal sal wil maak om iemand mee te gooi).
3. Skryf die kind se naam op die bakkie en druk die modder in die bakkie.
4. Maak die gips aan in ‘n sakkie/bakkie. Die verhouding is ongeveer 3 dele ‘gips’ vir 2 dele water.
5. Druk die poot/hoef in die modder sodat daar ‘n duidelik voetspoor agterbly.
6. Gooi die gips in die spoor en ten minste 1 cm dik bokant die modder om te keer dat dit maklik breek.
7. Laat die gipsspoor oornag staan om droog te word.
8. Verwyder die grond van die gipsafdruk af deur dit saggies af te vryf.

☺ Wenke

1. Hoenderpote is goedkoop en geredelik beskikbaar by jou naaste Spar of Pick-a-Pay (vra vir ‘Runabouts’).
2. Vir groter opwinding – vra ‘n spanlid om sy/haar hond saam te bring vir ‘vars’ spore!
3. Gebruik *Rhinolite* (te koop by die naaste hardewarewinkel) in plaas van gips. Dis veel goedkoper as in grootmaat en werk heeltemal goed genoeg al is dit bietjie growwer as gips.
4. Die gips moet dunner aangemaak word indien die pootafdruk fyner en/of kleiner is, sodat dit in al die voue en gaatjies kan inloop. Dit sal dan egter langer neem om droog te word.
5. Dit vat nogal verbasend lank – beplan minstens een uur vir die aktiwiteit vir kinders jonger as Graad 5 indien jou span 10 spanlede of meer het. Die moeilikste deel vir die kinders is om die modder reg aan te maak sodat daar ‘n behoorlike spoor is. (Kinders bak duidelik nie meer deesdae modderkoekies nie!)
6. Dit kan morsig raak! Hou die tuinslang buite gereed.
7. Gaan maak gipsafdrukke langs ‘n suipplek/dam in ‘n natuurreservaat – die ware Jakob!